## 17 April - GEDULDIG

**Skrifgedeelte: Habakuk 1:12 – 2:4**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:3-13**

Watter persentasie gelowiges in die gemeente of in u werkplek word beskou as *geduldige* mense?

Habakuk, een van die klein profete, het ongeduldig geword met die omstandighede wat hy ervaar het. Hy het sy klagte teenoor die Here geopper, oor die geweld en oor die onreg wat plaasvind. Hy vra: Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here? (Hoe lank) moet ek by u kla oor geweld voordat U red?

Maar Habakuk het weer met 'n tweede klag gekom: Waarom doen U niks aan die trouelose mens nie, waarom bly U stil wanneer slegte mense die vernietig wat beter as hulle is? Weereens antwoord die Here hom: Jy moet *geduldig* bly wag ... en dan gee die Here vir hom die boodskap: Wie nie reg laat geskied nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly.

Lees gerus Psalm 37 in die geheel en let op wat sê die Skrif in Psalm 37:3. Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. Bly *geduldig* en doen wat reg is, God sal sorg.

Die Skrif, in die tweede brief van Petrus, wys op die geduld van God met ons as sondaarmense. 2 Petrus 3:9b sê: Hy is *geduldig* met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie.

Hieruit wil die Skrif hê dat ons wanneer ons ervaar wat Habakuk ervaar het, ons God se woorde aan Habakuk ter harte moet neem. Jy moet *geduldig* bly wag, en My ten volle vertrou – alles is in my hande en Ek laat alles met 'n bepaalde doel gebeur. Niks gebeur toevallig nie.

Dink weer aan die woorde van die Skrif in Petrus se brief. God is *geduldig* met ons, daarom te meer moet ons ook geduldig wees, waar ons soms (onnodig) ongeduldig raak.

*Ds DF Coetzee (Piet Retief)*